Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 37 van 2022

11 September 2022

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Valse Gerustheid

*Elende wag vir dié wat so rustig in Sion woon, dié wat so veilig voel op Samariaberg (***Amos 6:1-7)**

Die woorde van vers een moes die mense skeef laat opkyk het. Maar dit was 'n boodskap wat hulle eenvoudig moes hoor: Pas op vir valse gerustheid!! Die bekende Nederlandse leraar, broer Andrew, wat jare gelede soveel vir Christene agter die ystergordyn gedoen het, wat soveel reise onderneem het om broers en susters wat in Kommunistiese lande swaarkry, te ondersteun, het eenmaal tydens 'n konferensie in Malawi verklaar: "Op my besoeke deur baie lande om oor die gevaar van die rewolusie en die vervolging van die kerk te praat, het ek al gewoond geraak daaraan dat mense twee dinge sê…..die eerste is: "dit sal *NOOIT* hier by ons gebeur nie"! En dan, na 'n paar jaar, kom die tweede hartseer uitspraak: "dit *HET* toe gebeur".

Israel wou nie gehoor gee aan Amos se boodskap nie. Kom ons parafraseer weer vandag Amos se preek (v 3-7): "Julle lê op jul beddens met 'n glas goeie rooiwyn in die hand, julle sit op julle sagte leunstoele en kyk rugby op televisie, julle braai skaaptjops en sosaties, julle gaan haal julle kitare en sing dat die bure hulle vensters toemaak, die reuk van duur parfuum en naskeermiddel hang in die huis – en julle het geen saak met wat in die land gebeur nie. PAS OP!!! Sien julle nie dat Suid-Afrika stukkend is nie? Gee julle nie om nie? Daar wag 'n helse verrassing op julle! Die oordeel van die Here het Israel op hul ivoorbeddens en sagte rusbanke getref. Die Assiriërs het gekom en die land verwoes. Samaria is met die grond gelykgemaak en die tien stamme van Israel oor die aarde versprei.

Leer ons mense, in ons land, die les!!

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

* Lottie Conradie
• Marinda Jordaan
• Johan Kotzé
• Ria Putter
• Janine Vorster
• Maria Steyn
• Sampie Swart
• Hanna Pienaar
• Marné Holtzhausen
• Oom Eberhard Carshagen
• Suzelle Barkhuizen
* Tannie Bets Coetzee
• Oom Hannes Stoltz
• Annika Kilian
• Lilian van Zyl
• Lucinda Graaff
• Martie van Staden
• Susan van Zyl
• Juan Strijdom
• Gert Keulder
* Louis Strauss (hy het kanker)
* Ina van der Merwe
* Bid vir Phillip de Jager vir volle genesing
* Bid vir Redge Ellerbeck vir volle genesing

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***…

- HERE, ek het U lief! AMEN

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.